

# Q&A

*Vayetze*

# MIDRASH VRAE

www.houtkruis.co.za

# MIDRASH VRAE

## DIE GEDEELTES WAT ONS SAAM BESTUDEER IS:

**Torah:** Gen. 28:10 tot Gen. 32:2
**Haftarah:** Hos. 12:12 tot Hos. 14:10
**B'rit Hadashah:** Joh. 1:35-51; Ma.t 3:13 – Mat. 4:11; 1 Kor. 10:6 -11

1. Wat was die rede dat Jakob (Jaakov) uit Berseba moes vlug?
2. Op pad na Haran het Jakob by 'n plek oornag. Hoe het hy hierdie plek benoem, en watter geestelike betekenis het dit?
3. Hoe hou die gedeelte uit die Nuwe Testament verband met die week se Torah-les?
4. Watter prentjie word deur die oorspronklike Hebreeuse taal in Gen. 28:11b-12 geskep?
5. Waarom dink jy beweeg die engele eers opwaarts na die teenwoordigheid van Abba Vader en dan weer afwaarts?
6. As jy dink aan die storie van Jakob by die put (Gen 29), watter drie dinge van die Heilige Gees kan jy uit hierdie toneel aflei?
7. Wat is die geestelike prentjie en betekenis van 'n put?
8. Jakob kom by die put en sien drie troppe skape daar wag. Wat dink jy simboliseer hierdie drie troppe?
9. Wat sê die skaapwagters vir Jakob toe hy voorstel dat die vee eers moet drink en dan wei?
10. Wie verskyn terwyl Jakob met die skaapwagters praat, en hoe reageer Jakob?

11. Die ontmoeting tussen Jakob en Ragel – betekenis volgens die Hebreeus

11.1. Die Skrif sê dat Jakob vir Ragel "gesien" het. Wat beteken die woord "sien" in die oorspronklike Hebreeuse konteks, en dui dit bloot op fisiese waarneming of iets diepers?

11.2. In Gen. 29:11 lees ons: "En Jakob het Ragel gesoen en sy stem verhef en geween." Wat is die Hebreeuse betekenis van die woord "gesoen", en watter diepte of simboliek dra dit binne hierdie konteks?

11.3 Wat beteken dit in Hebreeus dat Jakob "sy stem verhef" het? Dui dit op emosionele intensiteit, profetiese uitdrukking of iets anders?

11.4 Wat is die betekenis van "geween" in Hebreeus in hierdie vers, en hoe openbaar dit Jakob se innerlike toestand?

11.5 Wanneer ons hierdie drie handelinge – sien, soen en ween – saam beskou, watter geestelike prentjie of boodskap wil Abba Vader vir ons deur hierdie ontmoeting tussen Jakob en Ragel uitbeeld?

12. Wie was die eerste vrou van Jakob en waarom het hy met haar getrou?

13. Wat beteken Leah en Ragel se name, en wat is die betekenis van Leah se "swakke" oë?

14. Wat was Laban se rede vir sy bedrog, en hoe reflekteer dit 'n geestelike les in Jakob se lewe?

15. Jakob se diens vir Laban het gelei tot sy huwelik met Ragel en Lea. Hoe lank het dit geduur, en was hulle huwelike gelyktydig of nie?

16. Wat was die name van Lea se ses kinders en waarom het sy elkeen so genoem?

18. Wat was die name van die dienaars van Lea en Ragel, en hoeveel kinders het Jakob by elkeen gehad, en wat was hulle name?

18. Wat het Ragel haar eerste kind genoem, en wat gebeur kort ná sy geboorte?

19. Wie het Laban se beelde gesteel, wat sê Jakob sal met die dief gebeur, waar is die beelde versteek, en wat gebeur daarna?

20. Wie het die verbond tussen Laban en Jakob voorgestel, en op wie se naam het elkeen gesweer?

21. Wie het Jakob by Mahanaim ontmoet nadat hy van Laban af vertrek het, en wat was die rede?